Simmenstaler laat rekord op veiling spat

■ VERSLAGGEWER

'n REKORDPRYS vir 'n simmentaler-bul in Suid-Afrika is pas op 'n veiling behaal.

Op die Rolmodelle+ Simmentaler-veiling op die plaas Doornplaat, Parys, van mnr. André Ellis, is die bul Elli's Endricus vir R200 000 verkoop.

Endricus was die gesamentlike eiendom van Ellis en mnr. Erich Shulenburg. Die nuwe eienaars is mnre. Fanus Leus en Stefaans en Anton Botha.

Endricus is 'n tweeling-embriokalf en 'n spieëlbeeld van sy broer, Elli's Enricus, wat op dieselfde veiling vir R120 000 aan mnr. Kobus Dunhauzer van Parys verkoop is.

Een embrio is deur dr. Robert Tredwell van Embrio+ in 'n ontvangerkoei ingeplant. Die embrio het self verdeel en die tweeling is gebore.

Die tweeling het saam met hul surrogaatma op die veld geloop en het op sewe maande baie lig gespeen. Mnr. Nico Venter van Ventersdorp het tot die bulletjies se redding gekom toe hy aangebied het om hulle in 'n tipiese fase D-toets groot te maak.

Endricus het egter sy bestaan te danke aan die bul Erico Joepro. Joepro was die produk van 'n suksesvolle gesamentlike embriospoeling.

Shulenburg en Ellis was ook mede-eienaars van Joepro, wat in Maart 2007 vir R140 000 verkoop is. Ná Joepro wou Ellis graag weer 'n goeie koei spoel en hy het by sy vennoot raad gevra.

Shulenburg het aanbeveel dat hulle die koei Erico Derbal (E9973) spoel. Derbal is in 2006 aangewys as die Suider-Afrikaanse superkoei van die jaar. Sy was ook die moeder van Erico Derleon en die ouma van die bekende KI-bul Erico Napoleon.

Hulle het besluit om Derbal te spoel en die bekende KI-bul Salerika Eksellent is gebruik. Die rede waarom hulle op Eksellent besluit het, was omdat hulle ook vir Eksellent ontdek en ontgin het.

Die eerste spoeling was nie suksesvol nie en al die embrio's was onbevrug. Met die tweede spoeling het dit beter gegaan en vyf kalwers is gebore – drie bulletjies en twee verse.

Die drie broers, Endricus, Enricus en Erich, is vanjaar deur Ellis op die nasionale kampioenskap in Vryburg geskou. Saam het hulle die vadersafstammelingsgroep van drie bulle gewen.

Endricus is aangewys as die nasionale junior kampioenbul, en sy broer Enricus as die reserwe- nasionale junior kampioenbul. Endricus was ook die groot kamioenbul op die Ottosdal-skou.

Die derde broer, Elli's Erich, is op die Rolmodelle+-veiling aan mnr. Wynand van der Westhuizen van Bothaville vir R75 000 verkoop. Die veiling is aangebied deur SimSales – 'n afslaers-maatskappy van die Simmentaler/Simbra Genootskap en Johan van der Nest was die afslaer.

'n REKORDPRYS vir 'n simmentaler-bul in Suid-Afrika is pas op 'n veiling behaal. Op die Rolmodelle+ Simmentaler-veiling op die plaas Doornplaat, Klerksdorp, van mnr. André Ellis is die bul Elli's Endricus vir R200 000 verkoop. Endricus was die gesamentlike eiendom van Ellis en mnr. Erich Shulenburg. Die nuwe eienaars is mnre. Fanus Leus en Stefaans en Anton Botha. Agter van links is mnre. Stefaans Botha van Middelburg, Gauteng, een van die kopers, André Ellis, namens die verkopers, en Johan van der Nest, die afslaer. FOTO: VERSKAF